# DIE SKIETLOOD

171ste Uitgawe 18 Oktober 2019

saam met Koersvas 171

Melgisedek

Een van die karakters in die Bybel wat al baie aanleiding tot verwarring gegee het, is Melgisedek. Wie was hy eintlik? Wat was hy en waar het hy gewoon? Twee Ou Testament tekste is redelik duidelik met beperkte inligting. Dit is die Nuwe Testament teks wat aanleiding gee tot groot verwarring. Drie gedeeltes in die Bybel is ter sprake:

1. **Genesis 14:18-*20*** *En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring. En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.*
2. **Psalm 110:*4*** *Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek*.
3. **Volgens die orde van Melgisedek: Hebreërs is die derde gedeelte in die Bybel wat na Melgisedek verwys. Die verwysings is: Hebreërs 5:6** *Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.* **Hebreërs 5:10** *en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;* **Hebreërs 6:20** *waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig*. **Hebreërs 7:15** *En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,* **Hebreërs 7:17** *Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek*. **Hebreërs 7:21** *maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek* **Hebreërs 7:1-6** *Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur. Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het. Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het; maar hy wat nie uit húlle sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.* **Hebreërs 7:10** *want hy was nog in die lendene van sy vader toe*

*Melgisédek hom tegemoetgegaan het.* **Hebreërs 7:11** *As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?* Hierdie drie Bybelgedeeltes moet ondersoek word om 'n aanvaarbare oplossing te bied:

**Genesis 14**

In die tyd van die aartsvaders was daar geen priesters gewees nie. Die vader van die huishouding het in die patriargale sisteem opgetree as geestelike leier (=priester; Job het aan die einde van elke dag namens sy kinders offers gebring; net ingeval een van hulle gesondig het). Die eerste verwysing na 'n priester vind ons in die geskiedenis soos oorgedra in Genesis 14. Die tweede verwysing na priester buite die volk van Israel is Jetro - Moses se skoonpa.

Daar was vir duisende jare geen amptelike priesterklas nie. Ons lees in Genesis 14 dat Abram die konings (wat Lot en ander weggevoer het) oorwin het en met die buit op pad terug was toe hy deur Melgisedek gegroet is. Melgisedek het vir hom brood en wyn gegee en hom geseën. Melgisedek ontmoet Abram op die Sawer (of konings-) vlakte. Daar is onsekerheid oor presies watter vallei ter sprake is, en tog wil dit lyk asof dit in die omgewing van Jerusalem was, met ander woorde dalk die Kidron vallei. Melgisedek word die koning van Salem genoem, wat baie geleerdes met Jerusalem verbind deur 'Salem' te sien as poetiese inkorting vir Jeru<u>salem</u>. Daar is kenners wat die Salem plaas naby die plek waar Johannes die Doper opgetree het. Ander voorstelle word ook gemaak. Salem kan verwys na Jerusalem, maar dit kan nie bo alle twyfel gestel word nie. Dit beteken dat ons nie geografies die ontmoeting kan vaspen nie. Wat wel duidelik is, is dat Melgisedek 'n koning en priester van groot belang is en dat hy koning van die stad Salem is. Selfs al vertaal die Hebreër teks Salem - wat verband hou met Shalom(vrede) - anders, was die koning se stad duidelik aanduibaar in die tyd van die insident onder bespreking. Abram gee vrywillig 'n tiende van die buit aan hierdie man wat hom seën in die naam van God die Allerhoogste (לאל עליון)(El eljone, Dei altissimi, θεοῦ τοῦ ὑψίστου). Melgisedek was 'n nie-Joodse priester van die enige ware God.

Die teksgedeelte bied geen verdere verduideliking wat ons ondersoek kan rigting gee nie. Ons weet net dat Melgisedek as koning en priester ageer het, dat Abram sy priesterskap erken het deur 'n tiende te gee en dat Melgisedek Abram geseën het.

**Psalm 110:4**

Die uitsonderlike van hierdie teks is dat hierdie woorde deur Dawid berig is. Beide histories en teologies is hierdie gedeelte van belang. Teen die tyd van Dawid was die Levitiese priesterorde goed gevestig in die lewe en denke van Israel. Voor die gebeure met Moses en Israel in die woestyn het enige persoon geoffer. Die daarstel van die Leviete en tempeldiens het hierdie voorreg van die ander Israeliete ontneem en dit in een stam gesetel.

Nou kom Dawid, wat nie tot die Leviete stam behoort nie, nie 'n afstammeling van

Aaron is nie, en hy tree as priester op deur te offer. Hoe kan dit? Die Roomse antwoord volg later.

Deur die onderskeid te tref tussen die priesterorde van Levi en die orde van Melgisedek, word daar reeds 'n teologiese konsep gevestig wat van groot belang is vir die Christologie. Ons praat van Jesus as Koning, Priester en Profeet. Hy stam egter uit Juda, nie Levi nie. Sy priesterskap moet met ander woorde elders as in sy stamverband gevind word. Ongeveer een duisend jaar na Dawid se priesterswerk, is die Messias, uit die stam van Dawid - wat weer na die orde van Melgisedek - sy priestersamp opneem. In Genesis het ons net gelees dat Melgisedek priester van God Allerhoogste was. Nou word die saak ietwat anders geformuleer en word hierdie ewige priesterklas na Melgisedek vernoem. Hierdie priesterorde vind sy gesag en mandaat in God wat self hierdie priesters roep en aanstel.

**Hebreërs**

'n Verdere ontwikkeling vind plaas in die brief aan die Hebreërs. Die skrywer van die Hebreërbrief werk baie sterk met die 'nog beter' argument; met ander woorde iets uit die Ou Testament word voorgehou en dan word die 'nog beter' van die Christus-bedeling aangedui.

Vir Jode en Christene so in die eerste en tweede eeu na Christus, was die argument vanuit stilte 'n belangrike argument. Hierdie argument werk van die veronderstelling dat indien die teks nie iets oor 'n saak stel nie, dan het daardie saak nie bestaan nie. Toegepas op die teks onder die vergrootglas; die boek Genesis noem nie die ouers van Melgisedek nie en derhalwe is die skrywer se bewering dat hy sonder begin is. Die teks noem ook nie sy dood nie en daarom is hy sonder einde.

Die skrywer wil nie Melgisedek meer maak as wat hy was nie, sy fokus is op Christus en die uitnemendheid van Christus se werk as ons Hoë Priester. Die skrywer van die Hebreërbrief gebruik die afwesigheid van inligting om iets oor Christus duidelik te maak. Twee vertalings sal hierdie perspektief ietwat verhelder: 1983-vertaling: *Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd*.

Die Peshitta (Siriese vertaling): "*van wie nòg sy pa, nòg sy ma sy besonderhede in die geslagsregisters opgeteken is, ook nie die begin of die einde van sy dae nie; maar soos die Seun van God geld sy priesterskap vir ewig*".

Om te parafraseer; in 'n stygende lyn van argumentasie word gestel dat ons niks weet van sy pa of ma of stamboom nie, ons weet nie wanneer hy gebore is of gesterf het nie, en tog geld sy priesterskap vir ewig. Hy is <u>soos</u> die Seun van God. Die Seun van God is nie soos Melgisedek nie, Melgisedek is in terme van priesterskap deel van 'n ewige orde.

Die hele beredenering moet vanuit die Joodse agtergrond gesien word. Om aanspraak te kon maak daarop om 'n priester te word, moes die persoon met 'n geslagsregister bewyse aantoon dat hy van Aaron afstam. Dit was nie van belang of jy 'n goeie of slegte priester is nie, solank jy jou geslagslyn na Aaron kon terugvoer, was jy geregtig op die priesteramp. Die orde volgens Melgisedek word nou bo hierdie priesterorde gestel, 'n orde wat nie deur 'n

stamboom bepaal word nie, 'n priesterorde wat deur God self ingestel is en die priesters ook deur God self aangestel is. Jesus se werk as Hoë Priester is met ander woorde van hoër waarde as enige priester van Sy tyd.
Vir ons denke oor die Christologie is hierdie verbintenis van groot belang. Jesus se offer was nie aanmatigend gewees nie ('n bewering wat gemaak kan word vanuit Sy stamverbintenis). Hy is deur God aangestel as Hoë Priester van 'n orde wat voor- en verhewe bo- die Levitiese en Aaron-trajek is.

**Teologiese trajekte**

Teologie is in sy wese meerduidig. Wat beteken dit? Met wiskunde is daar een antwoord moontlik; 1+1=2. Teologie maak gebruik van woorde en woorde het meer as een betekenis. Ons gebruik woorde om ons nadenke oor die Gans Andere vanuit Sy openbaring tot uiting te bring. God self kies om Homself deur Sy Woord aan ons te openbaar. Dieselfde openbaring kan vanuit verskillende perspektiewe beskou en beskryf word. Teenoor die Post-modernisme van die dag in, konstateer ons dat net sekere perspektiewe, sekere interpretasies, geldig is. Die Bybel se verwysings na Melgisedek maak die deur oop vir meerdere spekulasie en interpretasies. Twee trajekte wat problematies is, kan genoem word. Die eerste is die Roomse perspektief met sy priesterdom. Die ander trajek is die groep wat stel dat Jesus self eintlik Melgisedek was. Aansluitend daarby kan die engel-aanstelling genoem word.

<u>Die Roomse trajek</u>

Die Roomse argument loop so: Melgisedek was 'n priester van 'n verhewe orde, 'n orde wat voor die Levitiese orde diens gedoen het. Dit sou eers Abram (Abraham)se kleinseun wees wat Levi genoem word. Dit is eers die oer-agterkleinkinders van Levi wat na die uittog uit Egipte as priesters aangestel sou word. Al was dit so dat mense na eie goeddunke self geoffer het, was die orde waaraan Melgisedek behoort het, 'n ewige verhewe priesterdom. Melgisedek was koning van Salem, 'n naam wat aan Jerusalem gekoppel word. Melgisedek was met ander woorde 'n Kanaänitiese koning van Jerusalem wat gelyk ook verhewe priester was (nog voor die uitverkore volk bestaan het). Hy was koning en priester. Abram (Abraham) erken sy status en gesag deur 'n tiende aan hom te gee by hulle ontmoeting. Melgisedek gee brood en wyn aan Abraham. Een duisend jaar na die ontmoeting tussen Abram (Abraham) en Melgisedek tree Dawid as priester op (hy en sy seuns) terwyl hy uit die stam van Juda is. Die rede daarvoor kan gevind word in die stad waar hy as koning regeer. As koning van Jerusalem (Salem) beklee hy dieselfde posisie as Melgisedek en daarom kan hy offers van hoër waarde aan die Here offer. Net soos Melgisedek, is Dawid koning en priester.
Jesus is die volgende in hierdie trajek wat na die orde van Melgisedek Hoë Priester is. Hy is tegelyk priester en die een wat geoffer word. Voor Hy Sy werk voltooi, stel Hy die dissipels ook aan as priesters na die ewige orde van Melgisedek: Die stamme van Israel is leke dienaars gemaak deur die aanstel van die priesterklas. Nou sou die 12 Apostels as verteenwoordiging van die twaalf stamme, weer as priester na die orde van Melgisedek aangestel word. Jesus het dit

gedoen by die instelling van die Nagmaal toe Hy met brood en wyn gehandel het. Priesters van die Roomse kerk doen nou in daardie kapasiteit diens omdat hulle in die lyn van die apostels die Here dien. Die Mormone redeneer langs dieselfde lyne en orden jong mans as priester van die Melgisedek orde.

Die Jesus-was-Melgisedek trajek

Daar is diegene wat Melgisedek sien as 'n teofanie van Christus, 'n Godsverskyning voor die inkarnasie. As alternatief word gestel dat Melgisedek 'n engel is wat as priester vir ewig georden is.

Diegene wat kleef aan die sogenaamde christofanie of teofanie argumenteer dat Jesus in 'n greep vooruit (met ander woorde voor die inkarnasie) aan Abram (Abraham) verskyn het in die vorm van Melgisedek. Die beskrywing van Melgisedek kan immers net op ons Hoë Priester toegepas word. Tekste soos Johannes 8 word aangehaal om steun te gee aan hierdie interpretasie.

Die verwysing na Johannes 8:56-58 is in hierdie eksegese 'n gevaarlike een. "A*braham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly. Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek* "Geen van die kommentare verwys na die ontmoeting met Melgisedek as verklaring vir die teksvers nie.

Die teks moet in konteks van homself interpreteer word, maar die eerste konteks moet die besondere boek self wees. Dit maak dat ons Hebreërs 11:8-19 as eerste konteks moet sien. "*Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; ... Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.* ***In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet,*** *en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was."*

Dit kan tog beteken dat die gelowiges met geloofsoë vooruit gekyk het. Die gesprek in Johannes 8 oorgelewer verwys na Jesus se pre-eksistensie. In die tyd van Abraham, was die Tweede Persoon inderdaad betrokke by God Drie-Enig se aktiwiteite. Ons lees in Genesis 1 dat God deur die woord (Woord - Tweede Persoon van Triniteit) geskep het. Daarmee saam is daar verskeie struikelblokke tot hierdie interpretasie wat ons moet uitwys Naamlik:

Die verwysing na 'n gebrek aan 'n geslagsregister in Melgisedek se geval, en tog begin twee Evangelies met daardie registers.

Daar is reeds verwys na die argument via stilswyse. Die teenargument is dan dat die Tweede Persoon met Abram (Abraham) ontmoet het. Hoe het Hy dit gedoen sonder aardse liggaam? Was daar dan 'n vorige inkarnasie? Was hy koning en toe nie meer koning van Salem nie? Die verwysing na Jesus se verskyning as Melgisedek by wyse van 'n gesig kan nie die gee van tiendes verdiskonteer nie.

Die taalpatrone in die teks self laat nie ruimte vir daardie gevolgtrekking nie. "Na die orde van ..." en "na die ewebeeld " is enkele verwysings wat duidelik aandui dat Jesus nie Melgisedek self was nie.

Diegene wat 'n ander roete volg, stel dat geen mens vanuit die godlose Kanaäniete koning en Priester kon wees nie. Hulle beweer dat hierdie Melgisedek koning van die hemelse Salem (Jerusalem ) is, 'n hemelse wese, dalk 'n engel. Die tekste ondersteun ook nie hierdie gevolgtrekking nie. Daarmee saam het die onderskeid tussen volk van God en heidene sy kiem in Abraham, dit sou eers na die uittog wees wat hierdie onderskeid sterk na vore sou tree.

Jesus is Hoë Priester **soos** die orde van Melgisedek. Hy is nie in die orde 'n priester nie, Sy werk is soos die orde van Melgisedek, dit is uniek en ewig van aard. Vir ons as Christene is dit van groot waarde om te weet dat Jesus Hoë Priester is na die orde van Melgisedek, 'n orde wat voor en verhewe bo die Aaron- en Levitiese priesterskap bestaan het. God het Hom aangestel om met gesag Sy reddende werk te doen.